MEMORANDUM

No. 2 van 2006: Handves vir Staatmakerregte

1 Elke Staatmaker het die reg om gebruik te maak van die onderstaande regte.

2 Elke Staatmaker het die voorreg om ‘n Staatmaker te mag wees.

3 Dit is die voorreg van elke Staatmaker om trots te wees op sy persoon, groep, omgewing, land, taal en Voortrekkerdrag.

4 Elke Staatmaker het die reg op ‘n opinie oor ‘n saak.

5 Elke Staatmaker het die reg om hierdie opinie te verdedig.

6 Geen Staatmaker het die reg om hierdie opinie op ‘n ander af te dwing nie.

7 Onder ‘n Staatmakerbewind het die minderheid nie die reg om die meerderheid te oorheers nie, en die meerderheid het nie die reg om die minderheid te oordonder nie.

8 Elke Staatmaker het die reg om ‘n mosie in te dien oor enige saak.

9 Elke Staatmaker het die reg om aan te dring op die waarheid.

10 Elke Staatmaker het die reg om die lewe te geniet, elke oomblik daarvan.

11 Elke Staatmaker het die reg om vars lug in te asem.

12 Elke Staatmaker het die reg om in die buitelug te rook.

13 Elke Staatmaker het die reg om entoesiasties te wees oor enige aktiwiteit.

14 Elke Staatmaker het die reg om kos te geniet.

15 Elke Staatmaker het die reg om ten volle deel te neem aan en gebruik te maak van enige aktiwiteit wat aangebied word.

16 Elke Staatmaker het die reg om te lewe na eie wil.

17 Elke Staatmaker het die reg tot vrye mededinging.

18 Elke Staatmaker het die reg om te slaap, in stilte, tussen 00:00 en 05:00.

19 Elke Staatmaker het die reg om NEE te sê.

20 Elke Staatmaker het die reg om JA te sê.

21 Elke Staatmaker het die reg om tot 0.09m^2 (0.3 x 0.3m) persoonlike ruimte.